
COVID-19 RAMPONDERSTEUNING

VERKLARING

As lid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en in solidariteit met ons nasionale regering se doelwit om humanitêre hulp na plekke van nood te neem, is ons visie om 'n toegewyde diens te lewer vir optimale benutting van bestaande hulpbronne. Dit sal ons doen deur skakeling vanuit die ekumene te bevorder en nuwe plaaslike ekumeniese netwerke aan te moedig waar nodig. Die oorhoofse doel is om te verseker dat noodlyding en gemeenskapsonrus voorkom word sodat almal kan floreer ten spyte van onseker en uitdagende omstandighede.

1. DIE IDEALE POSISIONERING VAN DIE KERK

Die NG Sinode Wes-Kaap (NGK) en Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, Kaapland (VGK) het met hul netwerk van gemeentes nie alleen 'n voetspoor in elke dorp in die Wes-Kaap, dele van die Noord-Kaap en Suid-Kaap nie, maar is ook deel van 'n uitgebreide netwerk van toegewyde rolspelers met bewese geloofwaardigheid om vanuit 'n roepingsgedrewe oortuiging en liefde vir ons naaste, instrumenteel tot 'n lewegewende verskil van elke persoon, oor alle kultuur-, geloofs- en geslagsgrense heen, te wees.

- 225 NGK Gemeentes
- 326 VGK Gemeentes (sluit gemeentes in die Noord-Kaap en Oos-Kaap in)
- 147 BADISA-programme
- WCEN (Western Cape Ecumenical Forum) o.l.v. die Sentrum vir Publieke Getuienis van die NG Sinode Wes-Kaap
- “Honderd Dorpe”-netwerk (Getuienisaksie)
- Great Commission (netwerk van onafhanklike kerke)
- RESPOND (ekumeniese rampondersteuningspan)
- Bestaande ¹befondsingsvennootskappe waarvan die mandate herbesoek kan word of selfs nuwe ooreenkomste gesluit kan word vir die periode van werksaamhede soos voorsien:
 - Kerk in Actie (Protestante Kerk, Nederland – (VGK Oos-Kaapprogram)
 - United Evangelical Mission Alliance (Duitsland)
 - Side by Side South Africa (Amerikaans gefinansierde program)

¹ Al drie hierdie finansieringsooreenkomste is met die VGK gesluit ter ondersteuning van die werk van die diensgroep Diaconia as 'n eenheidsbediening van die VGK en die NGK

Bogenoemde lys kan aangevul word soos die netwerkfunksie van die Diaconia Covid-19 rampondersteuningsnetwerk ontvou.

Sekondêre sterkte faktore is die verbintenis wat elkeen van bogenoemde rolspelers na die Diaconia-netwerk bring.

- BADISA-bestuursprogram het uiters effektiewe skakeling en samewerking met ²DSD en SASSA wat tans die primêre vennote in die Solidariteitsfonds is. Badisa doen trouens assesserings vir DSD om begunstigdes vir die voedselsekureitsprogram te identifiseer.
- Ekumeniese groepe soos WCEN en RESPOND het gevestigde verhoudinge met vertroude tussen lidkerke.
- Verbintenis met groepe soos die Great Commission gee 'n voetspoor in areas wat ons andersins nie sou hê nie.

2. HUIDIGE UITDAGINGS EN LEEMTES

Dit is duidelik dat die voedselsekerheidstrategie van die regering nie effektief grondvat nie en burgerlike ondersteuning dringend noodsaaklik is om katastrofiese gevolge te voorkom. Die kerk en by name die NGK en VGK is 'n vername rolspeler in die burgerlike sfeer en moet nou met pro-aktiewe denke en leierskap reageer. Hierdie reaksie moet gerugsteun word deur kapasiteit en instaatstellende hulpbronne wat sonder huiwering in plek geplaas word. 'n Baie tentatiewe verkenning van uitdagings wys alreeds die volgende:

2.1 Die effektiwiteit van DSD en SASSA om uitvoering te gee aan die doelwitte van die Solidariteitsfonds, is bewese gebrekkig. 'n Skrywe van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (aangeheg as bylaag 1) bevestig die punt:

Yet, even for that first round, the Solidarity Fund had not yet been able to begin the food supply because of various logistical challenges experienced by the distribution organisations, and contractual processes with the Department of Social Development; hence, by Tuesday after Easter, the first round had not yet begun - something the Solidarity Fund could not help (p.2, point 2)

Dit is duidelik dat gebrekkige koördinerings, swak kommunikasie en ondoeltreffendheid nie net tot lyding nie, maar tot anargie (spesifiek die nie-nakoming van maatreëls t.o.v. die bestuur van die pandemie) en selfs lewensverlies kan lei.

2.2 Dit is ook duidelik dat die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke wat namens die ekumene optree, ten spyte van noemenswaardige pogings, nie daarin kon slaag om met die Solidariteitsfonds 'n posisie te beding wat kon verseker dat voedselsekureit met samewerking van 'n netwerk van kerke kan realiseer nie.

² DSD: Department of Social Development

The meeting accepts the reality that our people's expectations that have been raised through the campaign of church leaders in their congregations, has been dashed for now, and this will result in great disappointment of our people who are in desperate need of food, and the food parcels distribution was the vehicle that they looked at for their immediate release (p.3, point 3)

2.3 Uit talle voorbeelde blyk dit dat plaaslike ekumeniese aksienetwerke wat so naby moontlik aan voetsoolvlak funksioneer, die doeltreffendste werkswyse gaan wees om by die individu wat werklik nood het, uit te kom. In hierdie opsig is dit nie net die formele instellings soos die kerk en diensorganisasies, sakekamers, landbouverenigings en plaaslike owerhede wat 'n rol speel nie, maar ook die informele gemeenskapsleiers wat waardevolle ervaring en insig in plaaslike nood het en saamgebind moet word in 'n UBUNTU-netwerk – 'n gemeenskapsbenadering wat van grondvlak af georganiseer word. Kerke het toegang tot al hierdie rolspelers!

2.4 Die toekoms is uiters onseker. Minister Zweli Mkhize (Minister van Gesondheid) se verslag soos gelewer op 13 April 2020 (aangeheg as bylaag 2), waarsku dat die impak van die pandemie in Suid-Afrika nie vergelykbaar is met die voorspelbare trajekte van afplattung en bekamping in ander lande nie. Afgesien van die gesondheidskrisis wat Suid-Afrika met die verspreiding van die koronavirus op hande het, is die krisis waarin die pandemie die reeds-wankelende Suid-Afrikaanse ekonomie dompel, verseker verwoestend. Voeg hierby die skreiende ongelykheid in Suid-Afrika wat alreeds voor die pandemie geheers het, en daar kan met groot sekerheid gesê word dat ons met 'n potensiële sosio-ekonomiese fiasko op hande sit as daar nie baie besliste en effektiewe, gekoördineerde leierskap na vore kom en instaatstellende hulpbronne in plek geplaas word nie. Pro-aktiewe aksie is nou deurslaggewend.

3. BEVORDERING VAN REEDS ONWIKKELENDE BESTE PRAKTYKE

In teorie sê die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en ook die ³doelwitte van die Solidariteitsfonds dat (i) plaaslike ekumeniese aksienetwerke (ii) in solidariteit die antwoord is. Die nasionale regering se plan om hierdie sinergie deur DSD en verkose NGO's te bewerk, blyk egter nie op grondvlak doeltreffend en voldoende te wees nie. Hoewel daar globale konsensus is dat ons met 'n onbekende, ontwikkelende realiteit werk (*emerging practices*) is daar ook waarneembare beste praktyke wat reeds uitgewys kan word en ekumenies bevorder moet word.

Gevalllestudie: CLANWILLIAM LIEFDEDIENS - 16 April 2020

³ Doelwitte van die Solidariteitsfonds:

- *Prevent – Prevent the spread of the disease by supporting measures to “flatten the curve” and lower infection rates.*
- *Detect – Detect and understand the magnitude of the disease.*
- *Care – Care for those in hospital or medical care.*
- *Support – Support those whose lives have been disrupted by the pandemic.*

(Sien die volledige verklaring van die Clanwilliam Ekumene aangeheg as bylaag 3)

Visie: Ons is 'n geïntegreerde groep predikante en gemeenskapleiers wat dien as 'n neutrale distribusiepunt van kontak om die mees kwesbare mense in ons dorp te help met kos en klere.

- Die plaaslike BADISA-kantoor is aangewys as die fidusiêre organisasie waardeur alle geldelike donasies geadministreer word. Hulle ontvang alle donasies en hanteer alle uitbetalings. Donateurs kan aanspraak maak op artikel 18A-inskrywing.
- Goedere wat geskenk word, word deur die munisipaliteit gekollekteer en na die verskeie distribusiepunte vervoer. Donasies word by optelpunte gekwantifiseer en 'n kwitansie word uitgereik om akkurate rekordhouding te verseker.
- Distribusiepunte:
NGK, VGK, Blommekerk, Gereformeerde Kerk, APK, Anglikaanse Kerk, AGS, Morawiërs, New Hope Ministries. Die kerk as distribusiepunt dien die betrokke strate om die kerk en hulle eie gemeentelede. Die kerke, maatskaplike werkers, tuisversorgers en skoolhoofde sal nou moet saamwerk om te verseker dat die hulpverlening na die korrekte mense gekanaliseer word. Die munisipaliteit koördineer met betrokke staatsdepartemente soos die Departement van Landbou en Maatskaplike Dienste om te verseker dat die verskillende kospakkie-programme nie oorvleuel nie. Elke kerk sal in sy area inligting versamel en verseker dat die mees kwesbare mense gehelp word. Hulle sal dan die naam, bewys van adres, en ID/paspoort van elke ontvanger na 'n sentrale databasis oplaai om te verseker dat daar geen duplisering plaasvind nie.
- Kerke betrokke:
NGK, VGK, AGS, APK, New Hope Ministries Khayelitshia, Morawiërs, Anglikaanse Kerk, Gereformeerde Kerk, Harvester-gemeente. Enige ander kerke is welkom om ook deel te neem aan hierdie inisiatief.
- NGO's Betrokke: Badisa Clanwilliam
- Ander rolspelers: Plaaslike munisipaliteit, landbou, sakesektor, privaat donateurs, gemeentelede (dus 'n holistiese gemeenskapsbenadering)

4. DIE STRATEGIE VAN 'N SINODALE EKUMENIESE AKSIENETWERK

Uit voorafgaande blyk dit duidelik dat die Kerk 'n deurslaggewende netwerk-rol moet vervul, met 'n strategie wat daaruit ontwikkel.

DOEL

DOELWITTE

**VERHOOGDE
DOELTREFFENDHEID VAN
VOEDSELSEKURITEIT EN
FLORERING**

Lei 'n netwerkfunksie wat alle moontlike rolspelers betrek.

Pro-aktiewe 'mapping' van bestaande

	<p>voorsiening en leemtes.</p> <p>Spreek leemtes aan deur plaaslike ekumeniese netwerke.</p>
<p>'N VOLHOUBARE OPLOSSING VIR DIE ONMIDDELLIKE TOEKOMS</p>	<p>Bied aktiewe operasionele ondersteuning aan die inisiatief van die SA Raad van Kerke om ekumeniese aksie te mobiliseer, asook die huidige doelwitte van die Solidariteitsfonds van grondvlak af tot uitvoering te help bring. Voorsien die kapasiteit in terme van 'n sentrale (sinodale) kantoor, menslike hulpbronne en finansiële voorsiening.</p> <p>Verkryging en instandhouding van die nodige middele (finansies) en bemagtig plaaslike netwerke, hetsy deur nuwe donateurs of aansoek namens of by bestaande sisteme.</p>
<p>ONTWIKKELENDE INNOVERING</p>	<p>Deurlopende identifisering en assessering (navorsing) van beste praktykpogings as ontwikkelende benadering.</p> <p>Verseker deurlopende begeleiding van gemeentes in ontwikkelende beste praktyk.</p>
<p>MULTI-VLAK INTERVENSIE</p>	<p>Bevorder deurlopende bewusmaking in aansluiting by die kommunikasieplan van die regering.</p> <p>Mobiliseer addisionele vroeë intervensies tot voedselsekerheid, soos bv. die voorsiening van geboue en werwing van vrywilligers vanuit die ekumene.</p> <p>Mobiliseer direkte behandelingsopsies, bv. kwarantyn- en isolasiebehandeling en versorging, bv. in geval van tehuise vir bejaardes, kinderhuise en ander spesialiteitsdiensareas waarby die ekumene betrokke kan wees.</p> <p>Dra deurlopend en aktief by tot die stabilisering van gemeenskappe.</p>
<p>GETUIENIS</p>	<p>Neem 'n sigbare posisie in die gemeenskap in en verkondig daarmee die Kerk van Christus se solidariteit in eenheid, met die nood van die wêreld en spesifiek van ons land en die Wes-Kaap.</p>

5. OPERASIONELE BEHOEFTES

Daar is twee aspekte wat met onmiddellike effek in plek gestel moet word om kapasiteit te voorsien ten einde die visie te laat realiseer. Die beskrywing van dié twee aspekte is tentatief vir die inisiëringsfase.

5.1 Menslike hulpbronne

Ons neem die ongekarteerde werklikheid in ag en werk met 'n ontwikkelende realiteit. Daarom skeep ons nie 'n vaste struktuur nie, maar werk eerder met 'n drieledige benadering:

- i. Huidige Diaconia-personeel se fokus word na hierdie proses verskuif.
- ii. Werknemers in die sisteem wat tans nie voluit benut word nie, word tydelik betrek.
- iii. Een sleutelrol-konsultant word gekontrakteer vir die projek (ongeveer 3 maande).

Die span word met dit in ag geneem, met onmiddellike effek geaktiveer rondom die volgende rolle:

- 'n Strategiese leier (PSD: Diaconia – N Venter) met ds S Esterhuizen (PSD: Diaconia) in direkte ondersteuningsrol vir organisatoriese en strategiese leiding. Oorsien die proses om te verseker dat werksaamhede met die ooreengekome visie belyn. Ds S Esterhuizen neem veral verantwoordelikheid as skakel na die VGK en bestaande finansieringsvennote.
 - Die strategiese leiers verseker dat sinergie tussen die Diaconia-strategie en al die diensgroepe van die NGK en VGK bestaan, veral omdat die toekomstige scenario voorsien dat die funksionering en bediening van die kerk vir die afsienbare toekoms deur die impak van die COVID-19-pandemie oorheers sal word.
 - Die strategiese leier dien as hoof uitvoerende amptenaar vir verteenwoordiging in oorhoofse netwerkgesprekke.
 - Ds S Esterhuizen dien as sameroeper vir 'n keuringspaneel wat aansoeke vir ondersteuning uit die Rampfonds in lyn met die strategie beoordeel en aanbevelings maak.



Figure 1 Die Sinodale Ekumeniese Aksie Netwerk-span

- 'n Skakelbeampte (konsultant) – die persoon beskik oor goeie, tweetalige kommunikasievaardighede en die vermoë om ontleding van data te doen en op gepaste wyse daarop te reageer om uitkomst in belang van die netwerkfunksie te ontsluit, bv.
 - die persoon bestudeer/identifiseer moontlike instaatstellers vir instandhouding en uitbreiding van die Diaconia-strategie en kommunikeer dit binne die span,
 - die persoon dien die span met voorstelle vir benutting van inligting,
 - die persoon neem leiding in die 'mapping' van behoeftes en die identifisering van leemtes waar 'n ekumeniese aksienetwerk aangemoedig moet word,
 - die persoon dien as nodale punt vir Diaconia se werksaamhede en belyn behoeftes wat identifiseer word met hulpbronne binne die netwerk.
- Bedieningskoördineerder (interdiensgroepfunksionering – Gemeentebegeleiding)
 - Bevorder die ekklesiologie en spiritualiteit van die ontwikkelende bedieningsgeleentheid.
 - Reik aktief uit na geïdentifiseerde areas en operasionaliseer op welke wyse ook al die benadering (bv. inligting, bekendstelling aan pragmatiese werkswyse, adviserend).
 - Aanmoediging tot LEAN-vorming (local ecumenical action networks)
- Finansies en Administratiewe beampte (Diaconia sekretaresse – Ria Koen)

– die persoon beskik oor die vermoë om akkurate rekord te hou en verslag te doen van die stand van Diaconia se rampfonds. Die persoon ondersteun die netwerk in alle administratiewe aangeleenthede, soos bv. kommunikasie, notulering en verslaggewing.

5.2 Voorlopige begroting

Ons neem die ongekarteerde werklikheid in ag en werk met 'n ontwikkelende realiteit. Daarom stel ons 'n rollende begroting voor met 'n aanvanklike vooruitskating van drie maande.

Die begroting word op bepaalde aannames gebaseer wat mag verander soos die situasie ontvou.

* Aanvanklik – om die vakuum wat tans tussen intensie en operasionalisering bestaan – binne die volgende week te vul tot ongeveer middel Mei 2020. Met hierdie benadering is voedselvoorbereiding vanaf 'n sentrale punt die goedkoopste opsie – hoewel nie ideaal in terme van die behoud van menswaardigheid nie en moontlik logisties moeilik vanwege huidige maatreëls van inperking. Die voordeel is egter dat die leierskap wat geneem word, die potensiaal het om bykomende hulpbronne te aktiveer.

* Om die leemte tussen die regering se intervensies en behoeftes wat bestaan, te vul.

		Uitgawe per maand	Totaal oor 3 maande
<i>Personeeluitgawes</i>	Skakelbeampte	R60 000	R180 000
<i>Saadgeld vir projekuitgawes</i>	200 gemeenskappe wat R10 000 as saaigeld ontvang om by te dra tot verligting van nood (voedselsekerheid, ander)		2 000 000
			2 180 000

Die begroting maak nie vir enige administratiewe of kantooruitgawes voorsiening nie. Voorlopig sal daar gepoog word om enige bykomende uitgawes uit die huidige Diaconia-begroting te diens en word Gemeentebegeiding en ander diensgroepe, soos die strategie ontvou, versoek om dieselfde te doen t.o.v. personeel wat binne die SEAN-strategie diens lewer.

Ds N Venter / Ds S Esterhuizen
23 April 2020